NG GEMEENTE
prieska

VAKATURE: MEDELERAAR (VOLTYDS-ONBEPAALDE TERMYNPOS)

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here, aansoeke in vir die pos van Bedienaar van die Woord.

GEMEENTEPROFIEL: Prieska is 'n gemeente in die Noordkaap, wat gemaklik is met vernuwing en gedurig geleenthede skep waarbinne ons vra na waarmee die Here in en deur ons besig is. Ons het 'n sterk missionale gerigtheid en leef dit plaaslik ekumenies uit, veral deur barmhartigheid. Ons is ook buite ons gemeentegrense aktief in die wêreld betrokke. Die gemeente bestaan uit drie erediensspunte, waarvan twee, naamlik Marydale (75km) en Niekerkshoop (55km), vanaf Prieska geleë is. Die gemeentegrense beslaan 'n radius van ongeveer 100km. Nagenoeg die helfte van die gemeente bestaan uit plaaswyke. Prieska beskik oor hoër- en laerskole en ouetehuise. Die gemeente se bediening word deur drie leraars gefasiliteer.

KANDIDAAT: Ons bid en vertrou dat die Here 'n gelegitimeerde leraar vir Sy kerk op Prieska sal stuur, wat passievol en soekend sal meewerk aan dit waarmee God in en deur ons besig is. Artikel 9 van die Kerkorde word beskou as vertrekpunt vir die dienskontrak. Verhoudings en persoonlike kontak is vir ons gemeente baie belangrik. Ons tema vir 2019 is: "Een Liggaam - Ek is deel daarvan. Ek is nodig. Ek is misbaar."

VERGOEDING: Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die Sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis. Die gemeente beskik nie meer oor pastorië nie, daarom word 'n behuisingstoelaag voorsien (standplaas te Prieska).

DIENSAANVAARDING: 1 April 2019

AANSOEKE:

- Alle aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV, sowel as name van minstens drie referente.
- Aansoeke moet ook asseblief 'n opname (video of audio) van 'n preek, gelewer tydens 'n erediens, insluit.
- Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 25 Januarie 2019
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

STUUR AANSOEKE AAN *(aansoeke moet die kerkkantoor nie later as 25 Januarie 2019 om 12:00 bereik nie)*. Stuur aan:
Die Skriba: NG Gemeente Prieska
Me Maryna Wiid
Posbus 33, Prieska 8940
Tel: 053 353 1261 (k)
E-pos: ngkprieska@telkomsa.net

Die kerkraad behou die reg voor om nie net uit die aansoeke te beroep, of enigsins 'n aanstelling te maak nie.